



Hoërskool Fichardtpark

diensbaarheid • integriteit • geloof • respek • uitnemendheid

Uit die skoolhoof se pen

Geagte ouers

So kom 2020 tot 'n einde. Die jaar was in baie opsigte uitdagend. Die COVID-19 pandemie het verskeie lede van ons Fichie-familie beïnvloed. In sommige opsigte het die pandemie ons ook geleer om innoverend te dink en te werk te gaan.

Graad 12

Ons gr.12-leerders het ongelooflik hard gewerk. Ongelukkig moet hulle Wiskunde en Fisiese Wetenskappe oorskryf as gevolg van vraestelle wat elders in die land uitgeleek het. Daar is reeds in 'n amptelike skrywe van Saterdag, 5 Desember, aangedui dat ons as Fichie-personeel die pad saam met die leerders sal stap. Ons weet dat die leerders ook 'n groot sukses hiervan sal maak.

Graad 8 - 11

Hierdie grade se promosies is ook afgehandel. Aangesien ons vroegtydig na die grendeltydperk ons onderskeie grade infaseer het, is ons oortuig daarvan dat leerders gereed is om 2021 akademies aan te pak. Baie geluk aan mooi prestasies wat behaal is!



Kontak Nommer: 051 522 6927 • Epos: fichpos@fpark.co.za
Hudsonrylaan 24, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317

www.fpark.co.za

Personeel

Me. Sonette de Kock en haar gesin verhuis na Kimberley. Ons wens hulle net voorspoed toe. Ons wil me. de Kock bedank vir haar positiewe bydrae die afgelope twee jaar. Ons gaan jou beslis mis!

Me. Nicola Wiggill verhuis na die Oos-Kaap waar haar verloofde werksaam is. Sy het in 'n kort tyd 'n groot bydrae op verskillende terreine gelewer en in die kinders se harte gekruip. Mag voorspoed jou elke tree van jou lewenspad vergesel!

Me. Zelda Ackerman, ons debiteure klerk, verhuis ook na Kimberley. Dankie vir die die harde werk in die Finansiële kantoor.

Ons verwelkom by voorbaat vir me. Nadine Kruger wat Engels gaan aanbied asook vir me. Tania van der Walt wat as debiteure klerk aangestel is. Ons weet julle sal gelukkig wees en 'n positiewe bydrae lewer.

Vakansie aktiwiteite

Verskeie aktiwiteite vind gedurende die vakansie plaas. Verwys asseblief na die aangehegte datums.

D6 School Communicator

Ons wil weer ouers daaraan herinner dat die D6 Communicator ons amptelike kommunikasieplatform is. Dit skep ongelooflike verwarring indien ouers nie op die *toep* geregistreer is nie. Alle noodsaaklike inligting wat u gaan benodig vir 2021 is reeds op D6 geplaas. Verwittig u asseblief daarvan.

Toewydingsdiens Sondag, 24 Januarie 2021

Alle leerders, ouers en personeel word uitgenooi na 'n Toewydingsdiens waar ons saam sal bid vir 2021 en Hoërskool Fichardtpark.

Plek: Fichardtkruin NG Gemeente

Tyd: 18:00

Kospakkie projek

Me. Sylvia Jansen van Vuuren wil baie dankie sê vir elkeen se bydrae tot ons *kospakkie projek*. Hierdie projek is gedurende die grendeltyd geloots en is steeds aan die gang. Ons bedank ook die Fichie-gemeenskap vir ondersteuning rakende die

plastiek doppie projek. Die *kospakkie projek* het groot sukses behaal en ons is dankbaar teenoor die gemeenskap. Baie gesinne is gevoed en daar is steeds gesinne wat by hierdie projek baat vind. Ons sal dit vreeslik waardeer indien daar enige kosskenkings is – die behoefte is steeds groot. Me. Jansen van Vuuren kan ook direk in hierdie verband gekontak word.

Leila Ferreira in graad 8 het ons rondom die *plastiek doppie projek* genader. Daar is al soveel doppies ingesamel dat ons dit nou kan skenk vir die *Sweetheart Foundation*. Hierdie organisasie maak doppies bymekaar om ten einde 'n rolstoel aan 'n behoeftege persoon te kan voorsien. Die *doppie projek* word vir eers gestaak en ons sal volgende jaar weer daarmee voortgaan.

Gr 12 Nasieners

18 Van ons personeel is betrokke by die nasien van matriekvraestelle, dit is 'n uitsonderlike prestasie. Die lys is al by 'n vorige geleentheid op D6 geplaas. Baie sterkte.

Feeswense

Graag wens ons elke Fichie-gesin 'n spesiale feesseisoen toe en ons bid dat julle ware Christus-vrede sal ervaar en met nuwe moed en krag in 2021 terugkeer.

Fichie-groete



H van der Merwe

Skoolhoof